# 417. AAN U, YAHWEH, MY DANKGESANGE

```
       C                            G
1.     Aan U, Yahweh, my dankgesange –
                                 C
       U wil ek in my aandlied prys!
                                    G
       Al kwyn die sonlig teen die hange,
                              C
       U lig, my lig, sal hoër rys.
       F          C         G    C
       U lig, my lig, sal hoër rys.
       F          C         G    C
       U lig, my lig, sal hoër rys.

       C                       G
2.     U het my met U guns versadig
                                C
       en as ‘n Vader my beskerm;
                              G
       met seëninge so milddadig,
                              C
       U dag en nag oor my ontferm.
       F           C         G       C
       U dag en nag oor my ontferm.
       F           C         G       C
       U dag en nag oor my ontferm.

       C                               G
3.     Ek weet aan wie ’k my toevertrou het,
                                  C
       al wissel dan ook dag en nag;
                                      G
       ek ken die Rots op wie ’k gebou het,
                                  C
       van wie ek al my heil verwag.
       F             C       G       C
       van wie ek al my heil verwag.
       F             C       G       C
       van wie ek al my heil verwag.

       C                             G
4.     Eens aan die einde van my lewe,
                                 C
       sal ek, van al my sorge vry,
                              G
       vir elke dag my hier gegewe
                              C
       U hoër, reiner loflied wy.
       F          C         G    C
       U hoër, reiner loflied wy.
       F          C         G    C
       U hoër, reiner loflied wy.
```